testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2015

**10791**

**GESKIEDENIS**

# EERSTE VRAESTEL

**PUNTE: 150**
**TYD: 3 uur**

**9 bladsye**

GESKIEDENIS V1
1079A
10791A

X05

3

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**GESKIEDENIS**
**(Eerste Vraestel)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG
   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA
   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE: VIËTNAM
   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË
   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord die DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.

6. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A**
**BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

**VRAAG 1**

**WAT WAS DIE REDES EN GEVOLGE VAN DIE KRISIS IN 1948 IN BERLYN?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Watter TWEE westerse magte, saam met die Verenigde State, het Duitsland na die Tweede Wereldoorlog beset? (2x1) (2)

1.1.2 Definieer die volgende begrippe:

(a) Koue Oorlog
(b) Berlynse Blokkade (2x2) (4)

1.1.3 Watter aksies het die westerse magte geneem in reaksie op die Sowjetunie blokkade van Wes-Berlyn? (2x1) (2)

1.1.4 Met verwysing na die bron en jou eie kennis, verduidelik wat was die oorsaak was van die Berlynse krisis van 1948. (2x2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Watter TWEE aankondigings, volgens die bron, is deur die USSR op 24 Junie 1948 gemaak? (2x1) (2)

1.2.2 Verduidelik hoe die Russe probeer het om die Duitse bevolking teen die westerse magte te beïnvloed. (2x2) (4)

1.2.3 Skryf enige TWEE van die aksies neer wat deur Sowjette geneem is om Wes-Berlyn te blokkeer. (2x1) (2)

1.2.4 Na aanleiding van die bron en jou eie kennis, hoe het die Sowjetunie die blokkade van Berlyn regverdig? (2x2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Watter gebeurtenis tydens die Koue Oorlog-spanning word hier deur die ooievaars in die spotprent uitgebeeld? (1x2) (2)

1.3.2 Wat dink jy is die boodskap van hierdie spotprent? Ondersteun jou antwoord deur te verwys na die visuele leidrade. (2x2) (4)

1.4 Verwys na Bron 1B en 1C. Hoe ondersteun hierdie bronne mekaar in die aksie wat geneem is deur die VSA en sy bondgenote na die blokkering van voedsel en ander voorrade na Wes-Berlyn? (2x2) (4)

1.5 Bestudeer Bron 1D.

1.5.1 Identifiseer TWEE alternatiewe maatreëls wat deur die Berlyners geneem is om in hul vir kos- en brandstofbehoeftes te voldoen. (2x1) (2)

1.5.2 Na aanleiding van die bron, wat het die lewe van die Berlyners, gedurende die Berlynse Blokkade baie moeilik gemaak? (1x2) (2)

1.5.3 Hoekom het die Berlyners gedink dat dit beter was om in asblikke vir kos te krap as om deur die Sowjetunie beheer te word? (2x2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die redes en gevolge van die Berlynse krisis van 1948 verduidelik. (8)

**[50]**

**VRAAG 2**

**WAT WAS DIE IMPAK VAN BUITELANDSE INMENGING IN DIE BURGEROORLOG VAN ANGOLA GEDURENDE DIE 1970's?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 1A.

2.1.1 Noem enige VIER buitelande wat betrokke was in die Burgeroorlog van Angola in die 1970's. (4x1) (4)

2.1.2 Identifiseer TWEE voorbeelde van ondersteuning wat deur die buitelandse magte aan hul gekose kliënte gegee is. (2x1) (2)

2.1.3 Lewer kommentaar oor die redes vir die verlenging van die burgeroorlog in Angola. (2x2) (4)

2.1.4 Hoekom dink jy was die VSA huiwerig om met apartheid-Suid-Afrika verbind te word? (2x2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die bron, het Suid-Afrika in 1976 uit Angola onttrek? (1x2) (2)

2.2.2 Wat verstaan jy onder die begrip "guerrilla veldtog"? (1x2) (2)

2.2.3 Wat verstaan jy onder die frase , "… die situasie was iets van 'n skaakmat" in die konteks van die Angolese burgeroorlog? (1x2) (2)

2.2.4 Skryf TWEE bewyse neer wat beweer dat Suid-Afrika herhaaldelik 'n rol in die burgeroorlog van Angola na 1976 gespeel het. (2x1) (2)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Definieer die term *kolonialisme* in die konteks van die burgeroorlog van Angola. (1x2) (2)

2.3.2 Noem enige TWEE metodes wat deur die Kubaanse troepe gebruik is om die Angolese dorpies langs die Angola-Namibiese grens te vernietig. (2x1) (2)

2.3.3 Hoekom dink jy het Savimbi die Kubaanse kolonialisme as die 'ware vyand' beskryf? (2x2) (4)

2.3.4 Verduidelik waarom jy die inligting in hierdie bron as bruikbaar sal beskou wanneer navorsing gedoen word oor die impak van die burgeroorlog in Angola op die burgers van Angola. (2x2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskap, dink jy, word deur hierdie spotprent oorgedra? Ondersteun jou antwoord deur na die visuele leidrade te verwys. (2x2) (4)

2.4.2 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van hierdie bron as verduideliking vir Kubaanse inmenging in Angola. (2x2) (4)

2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak van buitelandse inmenging in die burgeroorlog van Angola gedurende die 1970's bespreek. (8)

**[50]**

## VRAAG 3

**WAT WAS DIE VERSKILLENDE REAKSIES TOT DIE HOOGGEREGSHOF SE BESLISSING RAKENDE DIE DESEGREGASIE VAN SKOLE IN LITTLE ROCK, ARKANSAS?**

Bestudeer Bron 3A, 3B en 3C en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Wat verstaan jy onder die begrip *skool desegregasie*? (1x2) (2)

3.1.2 Na aanleiding van die bron, hoe het President Eisenhower op die Hooggeregshof se beslissing gereageer? (1x2) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en verduidelik hoe goewerneur Faubus die beslissing van die Hooggeregshof verwerp (teengestaan) het. (1x2) (2)

3.1.4 Hoekom was president Eisenhower regverdig in die ontplooiing van die Arkansas Nasionale Troepe in Sentraal Hoërskool? (2x2) (4)

3.1.5 Verduidelik hoekom President Eisenhower gekritiseer was vir sy aksie om die beslissing van die Hooggeregshof in Little Rock, Arkansas af te dwing? (2x2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Wat dink jy, was die "verlange en aspirasies van miljoene mense" waarna Martin Luther King verwys het in sy telegram aan President Eisenhower? (2x1) (2)

3.2.2 Verduidelik waarom dink jy, was dit nodig dat die federale regering wet en orde in Little Rock, Arkansas, moes herstel? (2x2) (4)

3.2.3 Watter bewyse in die bron beweer dat daar ondersteuning vir die desegregasie van skole in suidelike state van die Verenigde State van Amerika was. (1x2) (2)

3.3 Verwys na Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B ondersteuning gee aan Bron 3A oor die desegregasie by Sentraal Hoërskool in Little Rock, Arkansas. (2x2) (4)

3.4 Verwys na Bron 3C.

3.4.1 Beskryf die reaksie van die segregasioniste in die foto *The Little Rock Nine*. Gebruik die visuele leidrade om jou antwoord te ondersteun. (2x2)

3.4.2 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van hierdie foto vir ŉ geskiedkundige wat die reaksie van desegregasie in Little Rock, Arkansas bestudeer. (2x2) (4)

3.5 Gebruik Bron 3D.

3.5.1 Gebruik die inligting in die bron asook jou eie kennis en beskryf waarom jy dink dat Melba Pattillo integrasie by Sentraal Hoërskool 'as om oorlog toe te gaan' beskou? (2x2) (4)

3.5.2 Haal bewyse uit die bron aan wat beweer dat die 'Little Rock Nine' vegters was. (1x2) (2)

3.5.3 Identifiseer TWEE vorme van fisiese geweld wat die 'Little Rock Nine' ondervind het. (2x1) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die verskillende reaksies oor desegregasie by die Sentrale Hoërskool in Little Rock, Arkansas verduidelik. (8)

**[50]**

**AFDELING B**
**OPSTELLE**

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. Moenie meer as TWEE vrae beantwoord nie.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

**VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM**

Die Verenigde State van Amerika se poging om die verspreiding van kommunisme te bekamp het heeltemal verkeerd in Viëtnam geloop.

Evalueer die geldigheid van hierdie stelling deur te verwys na die gebeure tydens die Amerikaanse betrokkenheid in die Viëtnamese Oorlog vanaf 1965 tot 1975. **[50]**

**VRAAG 5: VERGELYKENDE STUDIE: DIE KONGO EN TANZANIË**

Vergelyk krities die politieke en ekonomiese suksesse van die Kongo en Tanzanië na onafhanklikheidswording gedurende die 1960's tot die 1980's. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING**

"Die nie-geweldadige strategie was stadig. As ons hierdie stryd wil wen dan moet ons geweld gebruik."

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na die strategieë wat deur die Swartmagbeweging aangeneem is om rasse ongelykheid in die Verenigde State van Amerika in die 1960's te beveg. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**